**WPM-riglyne: Leesspoedtoets (WPM – woorde per minuut)**

Volg die stappe hieronder om die leerder se leesspoed, leesvlotheid en woorde per minuut te toets.

1. **Beoordeel die leesvlak van jou leerder**
   Indien dit voorkom asof hulle op die leesvlak van die graad is, moet bepaal word of hulle onder die vlak of dalk bokant die vlak is. As die leerder sukkel met die toetsleesteks, is die vlak dalk te hoog.

2. **Druk die toetsleestekste. Daar is een vir die leerder en een vir die onderwyser (kontroleteks). Die kontroleteks dui die aantal woorde aan die einde van elke paragraaf aan.**

3. **Hou een minuut lank tyd terwyl die toetsteks harop gelees word.**
   Volg die kontroleteks en merk foute op ’n wyse wat nie vir die leerder sigbaar is nie. As die leerder sien dat aantekeninge gemaak word, kan dit hul aandag aftrek en kan dit tot onakkurate resultate lei.

4. **Bereken die totale aantal woorde per minuut wat die leerder lees asook die totale aantal foute.**
   Foute is:
   - Verkeerde uitspraak of die einde van woorde wat nie volledig uitgespreek word nie.
   - Weglaat van woorde (of reëls wat oorgeslaan word, word as een fout getel).
   - Woorde wat vervang word.
   - Woorde wat herhaal word.
   - Invoeging van woorde wat nie in die teks is nie.
   - Selfkorrigering.

5. **As die leerder meer foute maak in die gekose teks as wat hieronder aangedui word, is dit raadsaam om weer te probeer met die teks van een vlak laer.**
   - 1ste tot 4de graad: 5 foute
   - 5de tot 8ste graad: 6 foute